



'Ons is nie skuldig nie, ons is (aan)dadig'

Die tema van 2019 se Tuin van Digters is **(aan)dadig** – 'n skerpskepping van Breyten Breytenbach, wat vanjaar die digter is wat by die Tuin van Digters gehuldig word.

Wees nie skuldig om uitdagend en skeppend te wees nie. Wees juis aandadig daaraan – en uiteindelik dadig. In Afrikaans, en saam met ander tale en taalsprekers in Afrikaans.

## **VRYPDAG 13 SEPTEMBER**

### **VOEG DIE DAAD BY DIE WOORD**

**17:00 tot laat | Digterstuin**

Kom dink (en dig) diep en voeg die daad by die woorde en klanke en beelde in 'n tuin en 'n skepplek vol digskeppings.

### **GOLWE VOL WOORDE EN KLANKE**

**17:30 – 18:30 | Akkoordtent en Tuin**

*Met: Andrea van Tonder, Tayne Ruddock en Justin Jefthas*

Die talentvolle jong Akimba-musiekgroep bestaan uit Andrea (stem, ukulele, kitaar) van Bellville, Tayne (stem, klassieke kitaar, voetdrom) van Stellenbosch en Justin (elektriese kitaar, akoestiese kitaar, baskitaar, mandolien, viool, perkussie) van *Stings of Justice* in Pniël. Goeie oorspronklike musiek en diep betekenis van mooi woorde in Engels en Afrikaans is hulle sielskos.

### **(AAN)DADIGE KUNSUITSTALLING OPEN**

**18:00 – 18:30 | Breytenbach Galery**

*Openingspreker: Ashraf Jamal, kulturele analis by die Fakulteit van Ontwerp en Informatika aan die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie, skrywer van 'Predicaments of Culture in South Africa' en medeskrywer van 'Art in South Africa: the Future-Present'*

Sowat twintig genooide kunstenaars poog om aktief met hulle kuns (aan)dadig te wees aan die bou van 'n beter en mooier leefplek vir almal.

### **WARMER VOOR DIE TUIMELDROËR**

**19:00 – 19:45 | Akkoordtent**

*Met: Danie du Toit, voorsanger en skrywer van Spoegwolf, en sy kitaar*

Reënwolf sing pikswart rympies oor die lewe as 'n seerower. Tussenin praat hy oor sy digkuns, sy musiek en sy pad van Ysterkoei na Spoegwolf.

## **BREYTEN BREYTENBACH: DIE MAN MET DIE GROEN TRUI VAN BURGERSTRAAT**

**20:00 – 20:45 | Akkoordtent**

*Met: Andries Bezuidenhout, Yves T'Sjoen, Kerneels Breytenbach, Ampie Coetzee*

Die digter, skrywer en kunstenaar Breyten Breytenbach, 'n oud-Wellingtonner wat in die huis waar die Breytenbach-sentrum gevestig is, saam met sy ouers gewoon het, is die digter wat vanjaar by Tuin van Digtters gehuldig word. Andries Bezuidenhout, akademikus, sanger en ook digter en kunstenaar in eie reg, sal die huldigingsboodskap lewer. Die oud-uitgewer Kerneels Breytenbach en prof. Yves T'Sjoen van die Universiteit van Gent sal ook hulde bring terwyl prof. Ampie Coetzee op 'n spesiale manier dadigheid by Breyten se woorde sal voeg.

## **ROOIBORSDUIF: BREYTEN BREYTENBACH SE GEDIGTE OOR DIE LIEFDE**

**21:00 – 21:25 | Akkoordtent**

*Met: Nèlleke de Jager (NB Uitgewers) en Charl-Pierre Naudé (samesteller)*

Die digbundel Rooiborsduif is 'n oorsig van Breyten Breytenbach se gedigte van die jare sestig tot vandag. Die digter Charl-Pierre Naudé is die samesteller van Rooiborsduif. Die gedigte is chronologies gerangskik volgens Breytenbach se lewensgang – van sy jongmenslewe in Kaapstad, Parys, bannelingskap weens sy huwelik en tronkstraf tot sy pendelaarslewe met volledige tuiskoms slegs in die arms van die liefde.

## **LAURINDA HOFMEYR: OM BREYTEN TE TOONSET**

**21:30 – 21:55 | Akkoordtent**

*Met: Laurinda Hofmeyr, Schalk Joubert en Kevin Gibson*

Die sangeres en toonsetter Laurinda Hofmeyr vertel hoe dit gebeur het dat sy Breyten Breytenbach se gedigte begin toonset het. Sy sing toonsettings van sy gedigte, bygestaan deur Schalk Joubert (baskitaar) en Kevin Gibson (kitaar).

## **LAATAAND SAAM MET NUWE VRESE**

**22:00 – 23:00 | Akkoordtent**

*Met: Willem S. van der Merwe, Craig Vee en Daniel Hugo*

Laataand. Die speelse tyd vir digters en digdinkendes om glasies dadig te klink en aandagtig te luister na mekaar. Willem S. van der Merwe verwoord in sy tweede digbundel, *Nuwe Vrese*, die ontnugtering en nostalgie van die middeljare in alle erns met humor en slim woordspeling. Die digter en vertaler Daniel Hugo sorg saam met Willem en kitaarmaestro Craig Vee vir 'n ongewone bekendstelling.

## SATERDAG, 14 SEPTEMBER

### DADIGE TUIN

**08:00 tot laat | Digterstuin**

Soek bundels en boeke en gedigte, plante en bome, fonteine en water, tente en muurwoorde, mense en voëls, beelde en klanke, koppe en . . . pampoene.

### DIGTERS VAN HOOP

**08:20 – 08:50 | Akkoordtent**

*Met: Ashlene Ayford en Marlize Fortuin*

Leerders van Weltevrede Sekondêr in Wellington en hulle twee Afrikaanse onderwysers is sonder ophou besig om in samewerking met die Breytenbach-sentrum hoop vir hulself en mekaar te skep met hul lewensgedigte in Afrikaans. Luister hoe lees, sing en rymklets die jong digters hul skeppings.

### 'N FYN, FYN LYN ... TUSSEN 'N FAIRYTAIL EN 'N JOKE

**09:00 – 09:25 | Akkoordtent**

*Met: Alma Nel (regisseur en samesteller), Janette van Rensburg (assistent-regisseur) en akteurs Amke Grootboom, Shane Witbooi, Meagan Fortuin, Sharnell Swarts, Franco Muller en Carin Swarts*

Poësieteater deur die Breytenbach-sentrum se dramagroep. 'n Opwindende samestelling van verskeie materiaal rondom 'n sentrale tema: Die stormagtige aard van die liefde. 'n Reis van klank, dans, die woord, maar bo en behalwe alles: 'n eerlike storie – soos die agterkant van 'n mixtape wat daai een groot liefde lank terug vir jou gegee het. Poësie op steroids met verwerkings en samestellings van skrywers soos Early B, Ronelda S Kamfer, Nathan Trantraal, Jaco Jacobs, Banna Spammer – om net 'n paar te noem.

### INDRUKWEKKENDE CHRISALIS

**09:30 – 10:00 | Woordtent**

*Met: Christo van der Westhuizen en Daniel Hugo*

Chrisalis is Christo van der Westhuizen se indrukwekkende debuut digbundel, uitgegee deur Naledi, wat deur die digters Daniel Hugo en Johann de Lange op die omslag aanbeveel word. Dit is verse waarin realiteit self op sy kop gekeer word en waar die alledaagse vreemd gemaak word. Die digter en vertaler Daniel Hugo gesels met Christo.

## **WOORDENAAR WOORDNAR**

**10:15 – 11:15 | Akkoordtent**

*Met: Andries Visagie, Francis Galloway en bydraers tot die publikasies*

Die Akademie vir Wetenskap en Kuns se huldigingsbundel oor Breyten Breytenbach, *breyten breytenbach*, *woordenaar woordnar*, word bekendgestel. Die bundel is saamgestel deur dr. Francis Galloway – die outeur van onder meer die monografie *Breyten Breytenbach as openbare figuur* – met die hulp van verskeie bydraers. Prof. Andries Visagie van die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit Stellenbosch gesels met haar en ander (aan)dadiges oor dié huldigingsbundel.

## **UNIVERSITEIT VAN GENT VIER BREYTEN**

**11:30 – 12:00 | Woordtent**

*Met: Yves T'Sjoen*

Prof. Yves T'Sjoen van die Universiteit van Gent praat “over de activiteiten die we in Oktober in Gent op het getouw zetten ter gelegenheid van de tachtigste verjaardag van Breyten Breytenbach, ook vijf jaar eredoctor (2014)”.

## **VERSE OOR HUIS EN TAAL (in Afrikaans, Xhosa en Engels)**

**12:10 – 12:50 | Akkoordtent**

*Aangebied deur PEN Afrikaans*

*Met: Frieda van den Heever, Danie Marais, Jolyn Phillips, Lwanda Sindaphi, Diana Ferrus en Daniel Hugo*

Frieda van den Heever, aanbieder van RSG se gewilde poësieprogram *Vers en klank*, deel die verhoog met verskeie digters wat hul werk sal voorlees en besin oor die temas van huis en taal. Kom luister na verse in Afrikaans, Xhosa en Engels en dink saam oor wat ons deur vertaling wen en verloor.

## **PEN AFRIKAANS – JAARVERGADERING**

**13:00 – 14:00 | Wellington-biblioteek (oorkant die Breytenbach-sentrum)**

Opbetaalde lede van PEN Afrikaans kan die Tuin van Digtters gratis bywoon en op PEN se jaarvergadering hul insette lewer oor hoe skrywers en digters (aan)dadig moet wees. Die nuwe bestuur word ook verkies.

## **WOORDE OP AKKOORDE**

**13:00 – 14:00 | Akkoordtent**

*Met: Onder andere Jolyn Phillips, Diana Ferrus, Churchil Naude, Deniel Barry, Hermien de Vos en Frazer Barry*

Ses bekroonde kreatiewe woordkunstenaars neem jou op 'n aangrypende musikale reis van woordkuns, sang, digkuns, traumatiese storievertelling, dreunsang en rymklets. Die produksie is 'n viering van die geskiedenis, die

natuur, ontwikkeling van alledaagse klanke, woordkuns, musiek en die mens se strewe om sin te maak van die lewe. Moeder aarde en die gees van die letter is in gevaar want "Die mensdom het vergeet, ons woon op 'n planeet."

### **'A CELEBRATION' – DIANA FERRUS EN DIE MENGELMOESDIGTERS**

**14:00 – 14:45 | Woordtent**

*Met: Diana Ferrus, Merle Heather Danhouse en Gaireyah Fredericks en hul nuwe bundels*

Hierdie jaar vier die Mengelmoesdigters sy ontstaan in 2012 by die Breytenbach-sentrum onder leiding van die digter Diana Ferrus met die bekendstelling van drie Mengelmoesers se digbundels – Diana se nuutste digbundel, *DIE VREDE KOM LATER*, Merle Heather Danhauser se *DIE BROODJIE* en Gaireyah Fredericks se *meTTie mAAn gePLa*, 'n bloemlesing saam met Jadrick Pedro-Koopman en Duane Miller.

### **PANEELBESPREKING: IS BREYTEN SE GEDIGTE VERTAALBAAR?**

**14:50 – 16:00 | Akkoordtent**

*Met: Catherine du Toit, Breyten Breytenbach, Yves T'Sjoen, Jerzy Koch, Ampie Coetzee en André van der Hoven*

Breyten Breytenbach word uitgevra oor hoe hy voel oor die vertaling van gedigte en spesifiek sy eie gedigte. Prof. Catherine du Toit, hoof van die Departement Moderne Vreemde Tale aan die Universiteit Stellenbosch, is die gesprekleier. Deelnemers is prof. Yves T'Sjoen van die Universiteit van Gent, prof. Jerzy Koch, van die Department Nederlands en Suid-Afrikaanse Studies aan die Adam Mickiewicz University in Poznań, Pole en vertaler van Breyten se gedigte in Pools, prof. Ampie Coetzee, vertaler van Breyten se gedigte in Engels, en André van der Hoven, student by die Departement Moderne Vreemde Tale aan die Universiteit Stellenbosch.

### **ONS KLYNTJI 2019 – AMPTELIKE BEKENDSTELLING**

**16:15 – 17:00 | Woordtent**

*Met: Toast Coetzer (aanbieder), Erns Grundlingh en die rymkletsgroep 'Getuies'*  
Ons Klyntji is 'n alternatiewe, veeltalige zine wat gedigte, kortverhale, fotografie en comics publiseer. Van die digters en skrywers gaan hulle gedigte en verhale voorlees. Getuies se werk verskyn ook in Ons Klyntji en die trio, Romano Mentoor (Getuie Blikskottel), Anwill Valentine (Jamex) en Curtley Jones (P.I.K), sal dit voordra. Hulle is van tussen Wellington en die Paarl en het in 2009 ontstaan. Hulle is tekenend van die ondergrondse rymklets kultuur met die boomkapklank wat die sterk lirieke dra en dryf.

## **'BEGINNE EN EINDES'**

**17:15 – 18:00 | Akkoordtent**

*Met: Willemien/Philomène & amaFranx*

Die liedjieskrywer Willemien/Philomène ondersoek die tema van begin- en eindpunte in die konteks van die lewe, die liefde en die spasies tussenin. Sy het ses jaar lank klas in Frans aan die Universiteit van Pretoria gegee voordat sy in 2017 haar musiekprojekte na die voorgrond geskuif het en nou betrokke is by verskeie musiekprojekte. amaFranx is 'n gevestigde musikant in die Suid-Afrikaanse musiekindustrie en het sy bekendheid gedeeltelik verwerf as oorspronklike lid van die prog-rock groep Isochronus. Hy het onlangs sy derde solo EP, *Unmask the Unknown*, bekendgestel.

## **RASENDE RYME**

**18:15 – 18:45 | Akkoordtent**

*Met: Elsabé Daneel*

Die aktrise en woordkunstenaar Elsabé Daneel lees treffend en roerend Afrikaanse gedigte voor, insluitende van Breyten Breytenbach en Ingrid Jonker.

## **TOEKENNING VAN DIE INGRID JONKER-PRYS**

**19:00 – 19:30 | Akkoordtent**

*Met: Ronel Foster (voorsitter van die Ingrid Jonker-pryskomitee), Kabous Meiring (programleier) en Simone Garcia Marques (Ingrid Jonker se dogter)*

Die Ingrid Jonker-prys word jaarliks beurtelings toegeken aan die skrywer van 'n debuutbundel in Afrikaans en Engels, die twee tale waarin Jonker geskryf het. Die prysgeld is geskenk deur die Dagbreek Trust. Simone Garcia Marques sal die beeldjie, geskenk deur die Breytenbach-sentrum, oorhandig aan die wenner, Pieter Odendaal, vir sy bundel *asof geen berge ooit hier gewoon het nie*. Pieter sal ná die oorhandiging van sy gedigte voordra met eie klavierbegeleiding.

## **(AAN)DADIG SAAM MET BREYTEN**

**19:30 – 20:15 | Akkoordtent**

*Met: Breyten Breytenbach, Schalk Joubert*

Breyten Breytenbach lees van sy gedigte voor met die baskitaarspeler Schalk Joubert wat vir die musiekbegeleiding sorg.

## LIEKE JOOSEN: EEN RIJZENDE STER – IN AFRIKAANS

20:45 – 21:45 | Akkoordtent

Met: Lieke Joosen (stem, kitaar), Sven Kunenborg (kitaar) en Mark Teeuwen (perkussie)

Die Nederlander Lieke Joosen neem met haar Afrikaanse liedjies die gehoor op 'n musikale soektog. Bestaande Afrikaanse liedjies is vermeng met eie toonsettings in Afrikaans van gedigte van onder andere Antjie Krog. Hoewel sy Nederlands is, 'het sy haar stem in Afrikaans gevind'. Saam met haar twee musikante skep hulle 'n droomlandskap van Afrika waarin sy antwoorde probeer vind. Na wie of wat soek sy? En is ons nie uiteindelik almal soekend nie? Dit is hulle eerste besoek en optrede in Suid-Afrika.

## DIE AANDADIGES

22:00 – 23:00 | Akkoordtent

Met: Riku Lätti en ander

'n Groep digters en musikante van die nag en onbekende en bekende aandadiges sluit Tuin van Digters af met voorlesings, sang en klank.

XXXXXXXXXXXXXXXXXXXX

*Hier word plegtig afgespreek dat dit gaan om die sluiting van vennootskappe op absoluut deursigtige en gelyke grond – waar iedereen haar of sy bydrae sal kan lewer, uit hoofde van vaardigheid of vermoë of potensiaal.*

– Breyten Breytenbach (2008)

## (AAN)DADIGE GROEPUITSTALLING

“Ons is nie skuldig nie, ons is (aan)dadig”

skuldig - b.nm. en bw. **1.** Verskuldig, wat nog betaal moet word.  
**2.** Wat 'n verkeerde daad gedoen het of medepligtig was

aandadig - b.nw. Saam met 'n ander skuldig: medepligtig

aan - **1.** waarmee was die handelende persoon besig of in aanraking  
**2.** dui die begin of die voortsetting van 'n handeling aan.

dadig - s.nw. Doen, handeling: iets wat gedoen is (word), deurgevoer is  
Met goeie advies, planne, maar ook praktiese wyse.

- *HAT, Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*  
Vyfde Uitgawe, F.F. Odendal & R.H.Gouws



Die groeupuitstalling in die Breytenbach-galery poog om deur kuns **(aan)dadig** te wees deur aktief deel te neem en **'dadig', aan die daad** te neem aan die opbou van 'n beter en mooier plek vir almal, waar selfs die bewusmaking/weerspieëling van die werklikheid die kyker sal dwing om te KYK en deel te neem. Breyten Breytenbach, Hardy Botha, Jacques Dhont, Ruhan Jansen van Vuuren, Bastiaan van Stenis, Liekie Fouche, Nhlanla Nhlapo, Ruan Huisamen, Michele Nigrini, Henk Serfontein, Christiaan Diedericks, Sharlé Matthews, Jan Blohm, Estelle Marais, Joubert Stander, Susan Bloemhof, Selwin Pekeur, Jo Roets en ander.

### **FOTO-UITSTALLING: CLOETE BREYTENBACH**

Cloete Breytenbach (85), stigterslid van die Breytenbach-kultuursentrum en broer van Jan, Breyten, Rachel en wyle Sebastiaan is op 31 Mei 2019 in die Panorama-hospitaal in Kaapstad na 'n hartomleidingsoperasie oorlede. Cloete was 'n bekende nuus- en oorlogsfotograaf wie se foto's oor onregte van die mensdom regoor die wêreld vertoon is. Verskeie boeke van sy foto's het ook verskyn. Sy vrou Brenda en seun Leon het van sy foto's beskikbaar gestel vir 'n uitstalling in die gemeenskapsgalery op die grondvloer van die Breytenbach-sentrum. Die foto-uitstalling sal tot 30 September besigtig kan word.

### **'DORA EN EK' - KUNSPROJEK IN DIE BÔRDIENGHUIS**

Die kunswerk op die verhoog van Die Bôrdienghuis-teater, 'Dora en Ek', is geïnspireer deur Penny Siopis se "Dora and the other woman". Die modemaker en kunsstudent by die Kaapse Skiereiland Universiteit in Wellington, Dinah Maria Visagie (30), het die rok gemaak uit gedigte. Die betekenis van die kunswerk is 'n universele storie: Vroue kan in 'n boks geplaas word as 'histeries' in verhoudings met mans wat manipulatief, onverantwoordelik of emosioneel onbewus is. In hierdie tipe tragedie sal die man selfsugtig sy eie manlike emosies uitleef, maar die vrou van haar innerlike waarheid en emosionele uitdrukking stroop. In so 'n situasie word die emosionele lewe van die vrou 'n tipe verbanning van self en die vrou se eensaamheid en isolasie neem toe. Sommige vroue maak dit deur hierdie hel, soms omdat hul uitdrukking vind in 'n sosiaal "aanvaarbare" vorm van emosies, soos die digkuns. Later ontmoet hul dalk 'n verantwoordelike, volwasse en gebalanseerde man. Ons weet egter uit die geskiedenis dat sommige vroue dit nooit maak nie, soos Ingrid Jonker en die eerste vrou van die Engelse digter Percy Bysshe Shelley, naamlik Harriet Westbrook.

### **VOLTOOI BREYTEN SE KUNSWERK**

Net die regterkantste helfte van 'n skildery van Breyten Breytenbach verskyn vanjaar op die bemarkingsplakkaat van Tuin van Digtters 2019. Gaan kyk gerus in die gemeenskapsgalery op die grondvloer van die hoofgebou. Daar is van die 'halwe' kunswerke met 'n 'oop' helfte aan die linkerkant. Besoekers word genooi om hierdie helfte te voltooi met hulle eie kunswerk soos wat hulle dit sien en ervaar. 'n Keuse van die volledige 'nuwe' gekombineerde kunswerk (regs Breyten se helfte en links joune) sal later as 'n uitstalling in die gemeenskapsgalery gehang word.

### **GEHEUE VAN WIND – 'N MOMENT VAN NOU**

Skryf woorde en gedagtes oor die oomblik en wat nou hier gebeur op die groot doek teen die muur in die gemeenskapsgalery in die hoofgebou. 'n Dadigheid om te bewaar vir die dadiges van die toekoms.

### **PEN AFRIKAANS SE LEDE GRATIS**

Lede van PEN Afrikaans, 'n skrywersorganisasie wat hom onder meer beywer vir die bevordering van Afrikaanse woordkuns en die letterkunde in die algemeen, sowel as vir uitdrukkingsvryheid en taalregte, se lede wie se ledegeld opbetaal is, kan die Tuin van Digtters gratis bywoon. Vir vereistes vir lidmaatskap van PEN Afrikaans, besoek [www.litnet.co.za/pen-afrikaans-aansoekvorm/](http://www.litnet.co.za/pen-afrikaans-aansoekvorm/). PEN Afrikaans is deur sy lidmaatskap van *PEN International* die verteenwoordiger van sy lede en die Afrikaanse skrywersgemeenskap in 'n internasionale verband. PEN Afrikaans se jaarvergadering word op Saterdag 14 September om 13:00 by die Tuin van Digtters gehou.

### **WAT JY MOET WEET**

Daar is twee ingange tot die Tuin van Digtters: In Burgerstraat langs die hoofgebou by die hek na die tuin en by die parkeerterrein regs agter die sentrum deur die groot hek.

Alle vertonings, behalwe as dit anders aangedui word, sal in die Woordtent en die Akkoordtent agter die hoofgebou aangebied word.

Digtters se bundels sowel as ander bundels en boeke sal by Protea Boekwinkel in Stellenbosch se stalletjie in die Akkoordtent te koop wees. Besoek ook The Book Traders, die tweedehandse boekwinkel op die grondvloer van die hoofgebou. Verversings sal in en buite Die Bôrdienhuis-teater te koop wees.

Soek jy 'n kunstige geskenk? Besoek die Kardoes-winkel langs die Breytenbach-galery vir kunsgeskenke.

## **SÓ HELP ONS**

### **Francois Lötter**

Bestuurder en hooforganiseerder

083 408 1902; [francois@breytenbachsentrum.co.za](mailto:francois@breytenbachsentrum.co.za)

### **Jessica Ruiters**

Administrasie en noodhulp

063 525 9636; [info@breytenbachsentrum.co.za](mailto:info@breytenbachsentrum.co.za)

### **Jeanne-Mari Gerber**

Kaartjies en besprekings

073 435 1022; [besprekings@breytenbachsentrum.co.za](mailto:besprekings@breytenbachsentrum.co.za)

### **Anne-Ghrett Erasmus**

Breytenbach Galery

083 415 0002; [galery@breytenbachsentrum.co.za](mailto:galery@breytenbachsentrum.co.za)

### **Esther Kotzé**

The Book Traders boekwinkel

072 997 4813; [thebooktraders@gmail.com](mailto:thebooktraders@gmail.com)

### **Anja van Wyk**

Feesterrein, logistiek, deelnemers

072 509 4343

### **Kabous Meiring**

Programleier

## **WELLINGTON TOERISME**

Skakel met die Wellington Toerisme-kantoor by [info@wellington.co.za](mailto:info@wellington.co.za) om jou te help met jou verblyfbesprekings en om ander inligting oor Wellington en die omgewing te kry.

## **VERDERE NAVRAE**

Breytenbach Sentrum, Burgerstraat 14, Wellington. Kontak ons by 021 873 2786 of per e-pos by [info@breytenbachsentrum.co.za](mailto:info@breytenbachsentrum.co.za).

### **KAARTJIEPRYSE**

Toegang vir Vrydag 13 September: R150 per persoon (sluit alle aanbiedings op die program in vir 13 September)

Toegang vir Saterdag 14 September: R250 per persoon (sluit alle aanbiedings op die program in vir 14 September)

Tweedagpakket: R350 per persoon (Sluit alle aanbiedings in op 13 en 14 September)

Studente-afslag: R50 per persoon per dag (met geldige studentekaart)

Opbetaalde lede van PEN Afrikaans: Gratis toegang

### **BESPREKINGS EN NAVRAE**

Jeanne-Mari Gerber 021 873 2786 / 073 435 1022

[besprekings@breytenbachsentrum.co.za](mailto:besprekings@breytenbachsentrum.co.za)

H/v Burger- en Malherbestraat, Wellington

### **BORGE**

Dagbreek Trust, Naspers, ATKV, LW Hiemstra Trust, Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport, NLDTF (Nasionale Lotery), Rupert-musiekstigting, Drakenstein Munisipaliteit, Jannie Mouton Stigting, Prosperity Management Africa, Wellington Wynroete, Annandale Wines.

### **VENNOTE**

NB Uitgewers, Naledi, Protea Boekwinkel (Stellenbosch), Ons Klyntji Internasionaal, PEN Afrikaans, Toyota US Woordfees, Wellington Toerisme, Print.

### **VERBLYFBORG**

Dankie aan Cummings Gastehuis. Kontak hulle gerus by 021 873 3474 of stuur 'n e-pos na [mattievisser@wellington.accommodation.com](mailto:mattievisser@wellington.accommodation.com) en kom kuier sommer die hele naweek saam met ons.

### **PROGRAM ONDERHEWIG AAN VERANDERING**

Volg **Breytenbachsentrum** op Facebook en **@breytenbachsent** op Twitter en hou ons webwerf, [www.breytenbachsentrum.co.za](http://www.breytenbachsentrum.co.za), dop vir die nuutste inligting oor die Tuin van Digtters 2019.